

**Saterdag 11 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 9:9-13**

**Fokusgedeelte: Matteus 9:12**

### **Christus bring genesing vir die sondaarmens**

**D**ie naam Fariseërs beteken “afgesonderdes”. Hulle het met ’n houding geleef van “ons” en “hulle”. Ons is op die regte pad en al die ander mense is op die verkeerde pad. Die Fariseërs was die manne wat die Woord van God tot die letter gevolg het, en soveel gefokus het op wat ander mense verkeerd doen dat hulle hul eie sondes nie raakgesien het nie. Daarom dat hulle so maklik oor ander geoordeel het.

Dit is sekerlik nie verkeerd om die Woord van God met alles in jou gehoorsaam te wees en ander so te leer nie. Dit is egter belangrik dat daar nie oor die mens geoordeel moet word nie.

Jesus het nie gekom vir dié mense wat op hulleself roem dat hulle op die regte pad is nie, maar vir dié wat sondaars is. Dié mense wat hulle afhanklikheid van God besef. Christus se houding teenoor sondaarmense is heeltemal anders as dié van die Fariseërs. Hy veroordeel nie die sondaarmens nie, maar die sonde in die sondaarmens.

Christus het gekom om sondaarmense tot bekering te roep sodat hulle hele lewe in ’n ander rigting gestuur word. Om tot bekering te kom, beteken dat Christus jou deur sy Woord en Heilige Gees ontvanklik maak vir sy Woord. Jy kom tot die besef dat jy self nie sonder Christus van die geweldige swaar las wat die sonde op jou plaas, ontslae kan raak nie. Die persoon wat werklik sy sonde besef, draai na Jesus en sy lewe draai saam met hom.

*Sing: Psalm 25-1:1, 2*

*Ds. R Jansen van Vuuren (Riaan) (Lichtenburg)*